

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 9, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2009 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Sal u “alle dinge beproef”?

Dit is verstommend om te besef hoe versigtig die meeste mense is wanneer hulle 'n huis koop, in teenstelling met die besluit aan watter kerk hulle wil behoort. Die huis mag net vir 'n aantal jare aan hulle behoefte voorsien. Om egter betrokke te wees met die ware godsdiens van God het egter te doen met waar hulle **alle ewigheid** gaan deurbring.

Waar het u dus aan u godsdiens gekom? Hoe het dit gekom dat u die dinge glo wat u glo? Het u u godsdienstige oortuigings uit die Bybel gekry? Of het u u godsdienstige oortuigings van familie en vriende verkry?

Om eerlik te wees, die meeste van u het **nie** u godsdiens uit die Bybel gekry nie. Dit mag seer maak om dit te erken. Dit kan egter maklik **bewys** word in die oorgrote meerderheid van gevalle.

Dit is vir die meeste mense baie moeilik om te erken dat hulle **verkeerd** was. Menslike trots wil dit net nie doen nie. Volgens die geïnspireerde Woord van God is dit egter die beginpunt van ware Christelikheid. Toe Jesus Christus met Sy bediening begin het, het Hy oor en oor aan Sy aanhoorders gesê: “**Bekeer** julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom” (Mattheüs 4:17). Die Evangelie van Markus sê ook aan ons: “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê:

Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; **bekeer** julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15). Jesus sê ook weer later: “Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie **bekeer** nie, sal julle almal net so omkom” (Lukas 13:5).

Die woord “bekeer” beteken om te **verander**. Die meeste mense is nogtans **nie gewillig** om te erken dat hulle verkeerd was nie en hulle wil verseker nie verander nie! Is ons soos die man wat Sir Winston Churchill beskryf het wat “toevallig oor die waarheid gestruikel het, maar haastig opgestaan en voortgehaas het asof niks gebeur het nie”?

Indien u ewige lewe egter daarvan afhang, sal u baie wys wees om dit te oorweeg of u – hoe opreg ook al – in die verkeerde godsdiens groot geword het!

Kla ek “Christelikheid” aan as die “verkeerde godsdiens”? Natuurlik nie! Ek wil u egter van die feit bewus maak dat daar beide vals Christelikheid asook ware Christelikheid is. Baie mense besef dit nie. Die Bybel self maak dit egter baie duidelik dat die valse vorm van Christelikheid sal oorheers tot Christus se Wederkoms. Die geliefde apostel Johannes beskryf hierdie einste tyd waarin ons leef: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld **verlei**, hy is neergewerp op die aarde, en

sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9). Satan die Duiwel het 'n valse Christelikheid aan hierdie misleide wêreld afgesmeer!

Die hoog geagte hedendaagse filosoof, Soren Kierkegaard, in sy *Attack Upon Christendom*, skryf: “Die Christelikheid van die Nuwe Testament bestaan eenvoudig nie. Miljoene mense het deur die eeue heen God stukkie vir stukkie uit Christelikheid gekul, en het daarin geslaag om Christelikheid presies die teenoorgestelde te maak van wat dit in die Nuwe Testament is”.

Dit is dus nodig dat elkeen van ons werklik, deur die Bybel te bestudeer, **bewys** wat ons glo. Dit is nodig dat ons uit die Bybel drink wat dit sê, eerder as om ons vooraf- gevormde idees in die Bybel in te lees.

Dink vir 'n oomblik. **Waarom** is die belydende Christendom verdeel in honderde denominasies en sektes wat met mekaar meeding? **Hoekom** het kerke wat hulself Christelik noem so baie verskillende oortuigings en gebruike? Is dit moontlik dat God die outeur van **wanorde** is? Of is daar 'n ander verduideliking?

Bedink die waarskuwing wat Christus Self gee: “Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Mattheüs 24:5). Jesus sê nie hier dat maar net 'n paar in Sy naam sal kom nie, maar eerder

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Sal u “alle dinge beproef”?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die loon van die sonde **3**

Die Verenigde State van Amerika kry tans geweldig swaar omdat hulle hul rug gekeer het op die God van die Bybel.

Vyf sleutels tot profetiese begrip **8**

Is die Skrif slegs maar 'n verborgenheid? Is die beelde daarin slegs onbegryplike simbole wat niemand kan verstaan nie?

So breekbaar as 'n rots **13**

Is Gibraltar 'n agtiende eeuse tydeenstrydigheid? Behoort Brittanje net eenvoudig sy ses vierkante kilometer-gebied terug te gee, wat Spanje beweer na regte aan hulle behoort?

Sodat ons nie vergeet nie **16**

Hoe oorloë sal eindig en vervang word deur vrede.

Pole en die erfenis van die Tweede Wêreldoorlog **20**

Hierdie maand, sewentig jaar gelede, het die Tweede Wêreldoorlog begin met Duitsland se inval in Pole.

Gereeld

Vrae en Antwoorde **23**

Profesie neem gestalte aan **24**

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die loon van die sonde

Deur Roderick C. Meredith

Die Verenigde State van Amerika kry tans geweldig swaar omdat hulle hul rug gekeer het op die God van die Bybel. 'n Nasie wat eens die ongeëwenaarde seëninge van God ontvang het, staan nou ekonomiese rampe, misdaad, oorlog, siektes – selfs dreigende binnelandse terrorisme – in die gesig. Waarom? Wat sal die gevolge wees?

Amerika verduur geweldige lyding as gevolg van vals godsdiens!

Toe die Amerikaanse Unie vir Burgerlike Vryhede in Julie 2009 na die howe gegaan het om die Tien Gebooie verwyder te kry uit die Jackson-distrik se hofsaal in Londen, Kentucky, was dit slegs die nuutste van baie soortgelyke aanvalle op die God van die Bybel – en is nou bykans roetine in ons hedendaagse Amerikaanse samelewing.

Die Verenigde State se Hooggeregshof het in 2005 beslis dat sodanige vertoon [van die Tien Gebooie] ongrondwetlik is, tensy dit 'n “wêreldlike doel” dien in die hofsaal. Dit bly egter wetlik om die “wêreldlike doel” te dien wanneer tientalle miljoene ongebore babas vermoor word – dikwels letterlik uit die moeders se baarmoeders **gesuig** – in wat regtens die “stille volksmoord” genoem word. Die misbruik van dwelms vier hoogty in omtrent alle sektore van ons samelewing. Die VIGS-epidemie woed voort.

Intussen word Amerika gekonfronteer met die heel ergste ekonomiese krisis sedert die Groot Depressie van die 1930's. Rykdom ter waarde van biljoene dollars het oornag verdwyn, en veroorsaak dat gesinne nie in staat is om hul

rekening te betaal nie en het ontelbare duisende in nuutgevonde armoede gedompel. Terwyl dit eens die “arsenaal van demokrasie” en reg deur die wêreld gerespekteer was, word Amerika nou meer en meer verstoot deur Asiatiese en Europese moondhede wie se eie nasies nou besig is om opgang te maak na die promesie wat Amerika eens bekleed het.

Waarom gebeur dit alles?

Dit gebeur omdat ons – as 'n nasie – die God van die Bybel heeltemal *verwerp* het. Die ware God van die Bybel, met wie die meeste mense nie bekend is nie, gryp inderdaad in wêreldgebeure in om Sy doel te bereik. *Hy* is die Een wat aan ons die ontsaglike seëninge en mag gegee het wat Amerika en sy Westerse bondgenote reeds vir meer as 'n eeu geniet. *Hy* is die Een wat Amerika gehelp het om die Eerste en Tweede Wêreldoorloë – trouens alle belangrike oorloë oor die laaste 200 jaar – te wen!

Die God van die Bybel het aan ons voorvaders gesê: “As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy oprings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die duiwe-

oes, en die duiwe-oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon. Ook sal Ek vrede gee in die land, sodat julle sal lê en rus sonder dat iemand julle skrikmaak; en Ek sal die wilde diere uit die land laat verdwyn, en geen swaard sal deur julle land trek nie. En julle sal jul vyande agtervolg, en hulle sal voor julle val deur die swaard” (Levitikus 26:3-7). Vir verskeie geslagte het God sekerlik Sy beloftes *vervul* om seëninge uit te stort oor die Amerikaanse volk en die nasies wat van Britse afkoms is. Vandag egter, is die “skrif aan die muur”. Die gety van wêreldgebeure begin draai – *dit verander dramaties!*

'n Paar verse verder in bostaande profesie sê die Skepper: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul

vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie” (verse 14-17). Dit is sekerlik 'n tweeledige profesie wat 'n aanvanklike vervulling gehad het met antieke Israel, maar dit sal ook 'n moderne vervulling op ons mense in die huidige geslag hê. Baie van u sal leef om dit te sien gebeur! Byna almal van ons sal, oor die volgende paar jare, die begin van hierdie tragedie sien ontvou.

Ons sal ooggetuies wees van die begin van God se ingryping om die Amerikaners en volke van Britse afkoms te straf vir ons eie beswil. God sê immers: “En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper” (Levitikus 26:19). Indien u nog nie bewus is van ons nasionale identiteit in Bybelse profesieë nie, kontak asseblief ons streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif, en bestel u gratis kopie van ons insiggewende boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

God is konsekwent

In Sy geïnspireerde woord sê die Ewige God aan ons: “Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie” (Maleagi 3:6). In Sy oorhoofse benadering is God konsekwent in Sy handeling met mense en nasies. In die Nuwe-Testamentiese boek Hebreërs word aan ons gesê: “En julle het

die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem” (Hebreërs 12:5-6).

Indien God ons liefhet, waarom “straf” Hy die Amerikaners en die volke van Britse afkoms so kragdadig?

Waarom?

Die werklike antwoord is dat ons nasies van *skynheiliges* is! Terwyl ons in Amerika op ons muntstukke die woorde laat aanbring: “In God We Trust [Ons vertrou op God]” is ons 'n volk wat gedurig in opstand is teen dieselfde God se wette en weë. Gaan miljoene Amerikaners elke Sondag kerk toe? Ja! So skokkend soos wat dit egter mag klink, is dit juis deel van die probleem!

“Hoe dan so?” mag u vra.

Dit is deel van die probleem omdat die grootste gros kerkgangers nooit die einste lewensweg geleer word wat ons sou kon red van die ergste kastyding wat binnekort oor ons mense gaan kom nie. Soos ons hierbo gesien het, het God gesê dat Hy Sy volk sal straf “... as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie” (Levitikus 26:14).

“Hier sit die knoop” egter – die oorgrote meerderheid belydende Christene word geleer dat hulle nie die Tien Gebooie “letterlik” hoef te onderhou nie! Ja, as klein kindertjies mag hulle wel in

Sondagskool geleer het om die “verkorte vorm” van die Tien Gebooie te memoriseer, maar hulle predikers het konsekwent geweier om aan hulle die Tien Gebooie as 'n lewenswyse te leer – die einste gebooie wat Jesus Christus persoonlik aan die mense geleer het. Diegene van u wat die moed bymekaar kan skraap om u prediker te vra: “Het Christene werklik *nodig* om die Tien Gebooie as 'n lewenswyse te onderhou?”, mag verras wees deur die antwoord. Die oorgrote meerderheid predikers sal egter antwoord – soos hulle in hul kweekskole geleer is – dat die Tien Gebooie goeie riglyne “mag” wees, maar dat u *nie* werklik nodig het om dit te onderhou nie!

Hierdie belydende Christen predikers vermy dit meestal om hoegenaamd oor die Tien Gebooie te praat. Party van hulle sal die mense leer dat die Tien Gebooie die “Wet van Moses” is – nie vir ons vandag nie – of dat die Tien Gebooie op die een of ander manier “aan die kruis gespyker” is, of dat daarmee “weggedoen” is deur die apostel Paulus. Hierdie predikers het allerhande powere verskonings oor waarom dit deesdae nie nodig is om die Tien Gebooie letterlik te onderhou nie – alhoewel Jesus Christus Sy volgelingen geleer het om hulle te onderhou (lees Mattheüs 5:17-19; 19:16-19; Lukas 16:16-18). Jesus se eie broer, die geïnspireerde apostel Jakobus, het geskryf: “Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig

geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word" (Jakobus 2:10-12). Die Tien Gebooie is verseker die "wet" wat owerspel en moord as sonde bestempel. Jakobus het gesê dat u en ek "geoordeel" sal word deur daardie Wet! Wat kan tog meer duidelik wees as dit?

Jesus se geliefde apostel Johannes het geskryf: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar" (Openbaring 14:12). Nogtans het 'n diaboliese slim Satan die Duiwel dit reggekry om die betekenis van sekere gedeeltes in die Bybel op so 'n wyse te verdraai dat dit dosyne eenvoudige, duidelike Skrifgedeeltes weerspreek wat God se mense aansê om die Tien Gebooie as 'n lewenswyse te onderhou!

In sy heel laaste brief aan die einde van sy bediening, waarsku die apostel Petrus ons aangaande onstandvastige mense wat die geskifte van die apostel Paulus verdraai "tot hul eie verderf" (2 Petrus 3:16). Hy gee opdrag aan diegene wat die Waarheid ken soos dit deur Jesus Christus geleer word: "Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van *sedelose mense* en

wegval uit jul eie vastigheid nie" (2 Petrus 3:17). Dit is duidelik dat daardie "sedelose mense" ander mense nie slegs van die verkeerswette geleer het nie. Petrus was deur God geïnspireer om ons te waarsku teen daardie vals leermeesters – wat dikwels self deur Satan mislei is – wat Paulus se geskifte so sou "verdraai" sodat dit kastig sou "wegdoen" met die Tien Gebooie!

In Jesus se naam – as Sy dienaar – vermaan ek u almal, predikante en priesters wat hierdie artikel lees, om **wakker te skrik!** U kan verseker ook van u vorige onkunde vergewe word. U was heel waarskynlik ook "verblind" deur die ontsaglike groot misleiding van Satan die Duiwel "wat die hele wêreld verlei [mislei]" (Openbaring 12:9).

Die loon van sonde is die dood

God sê aan ons: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23).

Sonde bring outomaties leed, lyding en uiteindelik, die tweede dood in die poel van vuur mee, tensy die persoon innige berou tot bekering ervaar (Openbaring 21:8). Soos ons in 1 Johannes 3:4 lees: "Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God" (1 Johannes 3:4 NV). God se Wet – die Tien Gebooie – is soos die wet van swaartekrag. God se

geestelike wet "werk", of u daarin glo of nie!

Diegene wat onder die dekmantel van godsdiens sondig, behoort veral beskaamd te wees! Die diepliggende leed in die stemme en op die gesigte van daardie persone wat in hul jeug deur Rooms-Katolieke priesters misbruik is, behoort iets aan ons te vertel. Sodanige verdorwe, sondige handeling bring jare, selfs dekades, van wroeging en lyding mee. Hoe kan daardie biskoppe en kardinale wat die gruweldade van die verdorwe kindermolesterende priesters "toesmeer", snags slaap? Hulle behoort die geïnspireerde waarskuwing van die apostel Paulus te oorweeg: "Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van duiwels aanhang. Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik" (1 Timotheüs 4:1,3 NV).

Ons moet ook nie die duisende vooraanstaande uitvoerende hoofde van besighede, regspraktisyns en rekenmeesters vergeet wat – as verstokte sondaars – gedink het dat hulle daarmee kan "wegkom" om miljarde rande te steel deur verskeie slenterstreke nie. Kort voor lank sal hulle tot verantwoording geroep word! Mense soos Bernard Madoff sal

nie net in die howe van hul teenwoordige nasies verantwoordings moet doen nie, hulle sal uiteindelik voor die regterstoel van die Almagtige God gebring word!

Baie van hulle het met opset die geld, en selfs die lewensonderhoud van hul werknemers en die beleggers in hul maatskappye, gesteel. Die Ewige God veroordeel skerp diegene wat hulself verryk ten koste van ander: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang” (Mattheüs 23:14).

Sonde bring outomaties *lyding* mee. Party van diegene wat probeer om hul tydelike finansiële voordeel deur hebsug en bedrog te verkry, mag selfs hul huise verloor en nie langer in staat wees om hul gesinne te voed nie. Baie sal nie in staat wees om vir hul gesinne se toekoms te voorsien nie. Selfs diegene wat “beter daaraan toe is”, mag vind dat hul gesinne in die toekoms “sonder” baie dinge sal moet klaarkom. Hul seuns en dogters mag dalk nie meer in staat wees om na die skole te gaan wat hulle beplan het om by te woon nie, want “Pappa het sy werk verloor”. Hulle klein kindertjies mag dalk nie meer in staat wees om die somerkamp by te woon soos wat beplan was nie, of om die nuwe swaai wat vir die agterplaas belowe was, te kry nie. Gesinne mag genoodsaak wees om sonder

hul jaarlikse vakansie klaar te kom, omdat geld skaars is.

Selfs diegene wat nie dade van gierigheid gepleeg het nie, sal ly omdat ander dit gedoen het. Werknemers wat hul werk verloor het as gevolg van die dade van korrupte bestuurshoofde mag nooit weer hul leiers vertrou nie. Vir baie gesinne sal hul hele lewe verander word as gevolg van korrupsie op die heel hoogste vlak in Amerikaanse [of Suid-Afrikaanse] besighede. Die seerkry en ontnugtering sal 'n leeftyd duur. Hoe kan korrupte bestuurshoofde snags slaap, terwyl hulle bewus is van die diepgaande lyding wat hul bedrog en handelinge veroorsaak het? God se woord sê aan ons: “'n Goeie verstand verskaf guns, maar die weg van die ontroues is hard” (Spreuke 13:15).

Ongehoorsaamheid is die oorsaak van menslike lyding

In hierdie artikel kan ons nie eens begin om die ontelbare areas van sonde en lyding in ons belydende “Christelike” wêreld op te noem nie. Ons lees bykans daagliks van die onophoudelike leed wat veroorsaak word deur diegene wat onwettige dwelms verkoop en diegene wat dit gebruik. Ons lees ook van diegene wie se denke en liggame verswak en sonder krag gelaat is omdat hulle te veel alkohol drink, sigarette rook, of toelaat dat hul denke en gees verdorwe word deur die verrotte verskaffers van pornografie.

Pornograwe dra ongetwyfeld by tot grusame seksuele misdade en veroorsaak dat 'n hele geslag jong mans grootword met 'n goedkoop en lae siening van vroulikheid!

Baie uitvoerende hoofde van die belangrikste tabakmaatskappye was beskou as “steunpilare” in hul plaaslike gemeenskappe; hulle het gesit op die rade van hul plaaslike kerke en hulself omring met die simbole van sukses en aansien. Nogtans het baie van hierdie selfde mans reeds vir dekades geweet dat hul produk dikwels *direk bydra tot ontsettende lyding en voortydige dood van ontelbare miljoene mense!*

Wonder ons nog steeds waarom die grote God van die Skepping besig is om die Amerikaanse en Brits-afstammende volke te “kasty”?

Alhoewel ons meer Bybels gedruk en uitgegee het as enige ander volk in die geskiedenis, is ons voortdurend besig om die wette van God te verbreek en te verwoes! Ons godsdienstige, politieke en besigheidseleiers – saam met ons nasionale, sport- en vermaaklikheids-“afgode” – het almal bygedra tot 'n kultuur van bedrog en skynheiligheid. Ons het daarop aanspraak gemaak dat ons 'n “Christen” nasie is. Ons het egter terdeë die duidelike leerstellings wat Jesus Christus in die “Bergpredikasie” gegee het, verwerp (Mattheüs 5:7).

Jesus sê ook: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46).

Na aan die einde van Sy

beroemde “Bergpredikatie” waarin Hy duidelik uiteensit dat Christene beide die letter en die gees van die Tien Gebooie moet gehoorsaam, stel Jesus dit duidelik: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!” (Mattheüs 7:21-23).

Daar is 'n oorsaak vir elke gevolg. Die verbreking van God se groot geestelike wet is die grondliggende oorsaak van alle menslike lyding. Wanneer ons eers hierdie feit aanvaar en daarvolgens lewe, sal die hoeveelheid menslike lyding minimaal wees!

Na die Groot Verdrukking wat Jesus Christus voorspel het – en nadat die mensdom ten volle verneder is en “gewillig is om te luister” – sal die hele wêreld geleer word om die Tien Gebooie te gehoorsaam as 'n lewenswyse. Slaan ag op die

geïnspireerde profesie van Jesaja: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die wet uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:2-4).

Die profeet Jeremia was deur God geïnspireer om aan ons te sê: “Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: *Ek gee my wet in hulle binneste* en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (Jeremia 31:33).

Deur waaragtige berou tot bekering en die gawe van die Heilige Gees, sal God in

werklikheid Sy geestelike wet – die Tien Gebooie – in die harte en denke van al Sy mense plaas. Dan, gedurende die duisendjarige Vrederyk van Jesus Christus, sal daar 'n diepgaande vrede en vreugde wees soos wat hierdie wêreld nog nooit voorheen ondervind het nie.

Soos Jeremia geskryf het: God sal “hulle ongeregtigheid vergewe” (vers 34). Die “loon van die sonde” sal verwyder wees. God sê aan Sy mense wat hul sal ervaar nadat hulle teruggekeer het uit die Groot Verdrukking, nadat hulle geleer het om Sy Wet te gehoorsaam en werklik Sy lewensweg te volg: “In plaas van julle skande *ontvang julle* 'n dubbele deel; en in plaas van die smaad sal hulle jubel oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n dubbele deel in besit neem, ewige vreugde geniet” (Jesaja 61:7).

Mag die God van die Bybel – die Skepper wat aan ons almal lewe en asem skenk – u help om die ware godsdiens te soek en te vind. Mag Hy ook aan u die geloof en die moed skenk om te handel volgens daardie Waarheid. **WvM**

Die Tien Gebooie

Die hedendaagse “moderne” samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee “weggedoen” deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis?

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vyf sleutels tot profetiese begrip

Deur Richard F. Ames

Is die Skrif slegs maar 'n verborgenheid? Is die beelde daarin slegs onbegryplike simbole wat niemand kan verstaan nie? Of het God aan ons die middele voorsien om uit te ken wat Bybelse profesieë vir ons toekoms beteken – asook vir die hedendaagse lewe?

Mense wou nog altyd graag weet wat die toekoms inhou en hulle raadpleeg dikwels elke moontlike bron, *behalwe* die Bybel. Koerante met 'n groot oplaag publiseer dikwels 'n horoskoop. Die idee is dat mens se geboortedatum op een of ander manier jou karakter en profetiese gebeure tydens sekere tye van die jaar bepaal, en dit word kwansuis bepaal deur die posisie van sterrebeelde in die hemele.

Ander mense betaal mediums om 'n kristalbal te lees en probeer soms kontak maak met afgestorwenes. Andere weer, lees tarotkaarte vir profetiese interpretasies. Miljoene mense kyk na séances, ander kommunikasiekanale en astrologie vir mag en insig. Hulle hou hulself besig met die okkulte en soek antwoorde van waarsêers en mistici. Hulle gaan selfs om met hekse, mediums en towenaars. Sal al hierdie goed God se wil aan u openbaar? Natuurlik nie! God noem hierdie gebruike 'n gruwel (Deuteronomium 18). Daar is 'n wêreld van geestelike misleiding. God sê aan ons dat Satan die duiwel die hele wêreld mislei (Openbaring 12:9). Hy het u en my mislei. God kan ons egter

help om deur die slinkse planne en misleidings van die duiwel te sien.

Bybelse profesie onthul die volgorde van gebeure aan die eindtyd en die gevaarlike tye wat voorlê. U Bybel openbaar dat Armageddon en die Derde Wêreldoorlog net om die draai lê. Die wêreld word gekonfronteer met terrorisme, grootskaalse hongersnood, siekte-epidemies en ernstige natuurrampe soos aardbewings, tsunamis, siklone en orkane. Met oorlog, siektes, lyding en pyn reg rondom ons, sal baie mense in die versoeking wees om moed op te gee. Het u egter geweet dat Bybelse profesieë wesenlike waarhede aangaande die toekoms van die wêreld openbaar – en u eie lotsbestemming? Aan die ander kant van die vinnig naderende tyd van groot verdrukking lê 'n toekomstige tyd van wêreldvrede onder die Koninkryk van God. U Bybel openbaar dat die Vrededors, Jesus Christus, sal terug keer om alle nasies die weg na vrede te leer. Onder Christus se liefdevolle heerskappy, in die geprofeteerde tyd bekend as die duisendjarige Vrederyk of Millennium, sal die wêreld floreer met skoon lug, skoon water en volhoubare landbou.

Ons leef in die geprofeteerde tyd wat u Bybel identifiseer as die eindtyd. Wanneer u die profesieë in u Bybel begin verstaan, sal u besef dat hierdie opwindende tye is, wat lei tot Jesus Christus se wederkoms as Koning van konings en Here van die here en die vestiging van Sy Koninkryk op die aarde!

Bybelse profesieë mag opwindend vir baie mense wees, maar sekere Bybelse profesieë mag moeilik wees om te verstaan. Die boeke van Daniël en Openbaring word gekenmerk deur verskeie simbole en beeldspraak. Toe antieke koning Nebukadnésar van Babilon gedroom het van 'n geheimsinnige beeld wat uit verskillende metale en klei gemaak was, het die profeet Daniël die droom se betekenis vertolk (Daniël 2:1-45). Die bekende Vier Perderuiters van Openbaring stel verwoesting en misleiding voor (Openbaring 6:1-8). Die Dier van Openbaring 13 wat uit die see uit opkom, het sewe koppe en tien horings. Die Dier van Openbaring 17 wat uit die afgrond opkom, het ook sewe koppe en tien horings, maar daardie dier word deur 'n hoer gery. Die apostel Johannes skryf wat hy in 'n visioen sien: “En op

haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde” (Openbaring 17:5).

Hoe kan ons hierdie geheimsinnige simbole en die baie ingewikkeldhede van Bybelse profesieë verstaan? In hierdie artikel gaan ons kortliks aandag skenk aan vyf beginsels om die profesieë in u Bybel te verstaan.

Sleutel 1: Vertrou die Skrif om die Skrif te interpreteer

Waarheen moet u draai om die waarheid te leer? Jesus, in Sy innige gebed die nag voordat Hy gekruisig is, het vir Sy dissipels gebid: “Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid” (Johannes 17:17). God se woord, die Bybel, is die waarheid. Dit is die geskrewe woord van God. Indien u die toekoms wil verstaan wat God vir u en vir die hele mensdom beplan het, behoort u na die Bybel te gaan, nie na waarsêers en mediums nie.

Die boek Openbaring bevat simboliese taal in die beskrywing van die verheerlikte Messias, die Seun van die Mens, waar Hy tussen die sewe kandelare staan. Ons lees: “En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag” (Openbaring 1:16). Wat simboliseer hierdie sterre en kandelare? Dit is nie nodig dat ons raai nie; die Bybel self gee

aan ons die betekenis daarvan! “Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes” (vers 20).

In Bybelse simboliek is sterre engele – en kandelare is kerke of gemeentes. Die skrywer van Openbaring, of die Apokalips, gaan in die volgende twee hoofstukke voort om God se boodskap en vermaning aan die sewe kerke [gemeentes] in Klein Asië – moderne Turkye – neer te skryf. Die apostel Johannes het natuurlik hierdie boek na aan die einde van die eerste eeun.C. geskryf.

U is heel waarskynlik vertrou met die relaas van Koning Nebukadnésar se droom. Die profeet Daniël was ontbied om voor Koning Nebukadnésar te verskyn en het voortgegaan om die groot beeld in die koning se droom te beskryf: “U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit

fyngestamp het” (Daniël 2:31-34).

Wat het hierdie standbeeld gesimboliseer? Daniël het aan Koning Nebukadnésar gesê: “U is die hoof van goud” (vers 38). Die geskiedenis bevestig Daniël se vertolking van die opeenvolgende ryke wat deur die standbeeld gesimboliseer is. Daardie ryk was vervang deur die Medo-Persiese Ryk (558-330 v.C.), voorgestel deur die bors en arms van silwer. Die buik en lendene van koper het die Grieks-Masedoniese Ryk van Alexander die Grote voorgestel (333-31 v.C.). Die twee bene van yster stel die Romeinse Ryk voor (31 v.C. tot 476 n.C.). Laastens, die tien tone aan die twee voete van yster vermeng met pottebakkersklei stel 'n toekomstige herlewing van die Romeinse Ryk voor.

Daniël se profesie het vier historiese wêreldoorheersende ryke openbaar. Die geskiedenis bevestig dat die voorspelling van hierdie vier ryke wel plaasgevind het.

Sleutel 2: Verstaan profetiese tydgapings

Die Evangelie van Lukas beskryf wat gebeur het toe Jesus Sy tuisdorp Nasaret besoek het en uitgenooi was om op die Sabbat uit die Skrif te lees. “En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is: Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan

die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig. En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig. Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul” (Lukas 4:17-21).

Jesus het die boek waarin Hy gelees het toegemaak reg in die middel van 'n vers. Hy het die tweede deel van die vers wat na die dag van wraak verwys, uitgelaat. Waarom? Omdat die res van Jesaja se profesie verwys na Christus se wederkoms – wanneer die Dag van die Here, die Dag van God se wraak, sal plaasvind. Ja, daar is 'n tydgapings van nagenoeg 2,000 jaar tussen die vervulling van die eerste gedeelte van die vers en die tweede gedeelte van die vers.

Nog 'n aspek van profetiese tydgapings is die beginsel van “tweeledigheid”. In die Bybel vind ons dikwels 'n vroeëre vervulling van 'n profesie, en dan later, 'n meer klimaktiese vervulling van die profesie. Die beginsel van tweeledigheid word regdeur die Bybel gevind. As voorbeeld lees ons: “So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees” (1 Korinthiërs 15:45). Wie was die

laaste Adam? Die Skrif gee aan ons die antwoord: “Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel” (vers 47). Ja, die tweede Adam was Jesus Christus.

Profesie is dikwels tweeledig – ons behoort die lesse van die geskiedenis te leer. Die vernietiging van Jerusalem in 70 n.C. deur die Romeinse leërs was slegs die voorloper van die groot verdrukking wat nog voorlê.

Sleutel 3: Vind hedendaagse nasies in die Skrif

Waar word na die Verenigde State van Amerika in die Bybel verwys? Of, onder watter naam kan ons dit miskien vind? Waar kan ons Groot Brittanje in die Bybel vind? Dit is duidelik dat die hedendaagse name nie voorkom nie, maar die voorsate van hierdie nasies is prominente name in die Bybel.

Die Bybel maak wel melding van nasies soos Egipte, Libië en Ethiopië – en dit mag u verras dat Assirië, in die duisendjarige Vrederyk, saam met Egipte en Israel, uiteindelik een van die toonaangewende nasies sal wees (Jesaja 19:23-24). Maar watter hedendaagse nasie is Assirië?

In ons gratis herdrukte artikel, *Heropgestaande Duitsland: 'n Vierde Reich?*, verduidelik die *Wêreld van Môre* skrywer Douglas S. Winnail: “Die meeste moderne historici huiwer of faal om die verband te sien tussen die verdwyning van

die Assiriërs en die verskyning van die Germaanse stamme. Duitsland se kulturele geskiedenis en nasionale karakter stem egter ooreen met Assirië soos geen ander nasie nie ... wanneer die Bybel van Assirië in die eindtyd praat, praat dit van Duitsland. By geen ander moderne nasie pas die beskrywing so volmaak nie”. Indien u dit nie alreeds gedoen het nie, skryf asseblief om u gratis kopie van hierdie belangrike artikel.

U kan begin om baie meer begrip te hê van eindtydse Bybelse profesieë wanneer u die juiste kennis het van die moderne afstammeling van antieke Bybelse nasies. Ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, sal aan u die historiese en Bybelse inligting voorsien om die Verenigde State van Amerika en ander belangrike nasies in profesie uit te ken.

Sleutel 4: Ken God se profetiese raamwerk

Hierdie is 'n uiters belangrike sleutel om Bybelse profesie te verstaan. Dit is 'n sleutel waarvan relatief min belydende Christene weet. Daar is baie verskillende idees en scenario's aangaande Bybelse profesie. U mag al van postmillennialisme en amillennialisme gehoor het. Hulle verkondig verkeerdlik dat Jesus Christus ná die geprofeteerde duisendjarige Vrederyk sal terugkom, of dat Hy

geheel en al glad nie sal terugkom nie.

Die waarheid lê in wat pre-millennialisme genoem word – die leerstelling dat Christus sal terugkeer om 'n letterlike koninkryk hier op aarde te vestig vir 'n letterlike tydperk van 'n duisend jaar. Die boek Openbaring beskryf 'n tydperk van 3½ jaar wat sal lei tot die wederkoms van Christus. Die eerste vyf seëls van Openbaring, soos uiteengesit in Openbaring 6, dek 'n tydperk van 2½ jaar – die Groot Verdrukking waarvan Jesus gepraat het in Mattheüs 24.

Die sesde seël is die Hemelse Tekens. Die hele wêreld sal tot aandag geroep word wanneer hierdie gebeure plaasvind. Die apostel Johannes skryf: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit” (Openbaring 6:12-14).

Die hele wêreld sal geskok en verskrik wees. Die wêreld sal dan beseef dat die tyd van God se oordeel aangebreek het! Die Hemelse Tekens lei die een-jaar lange profetiese tyd bekend as die Dag van die Here, in. Die beroemde Dag van die Here word in omtrent 30 profesieë in u

Bybel vermeld. Die Dag van die Here in eindtydse profesie, die tyd wat Christus se wederkoms voorafgaan, is 'n tydperk van een jaar (Jesaja 34:8; 63:4), wat volg op die Groot Verdrukking en die Hemelse Tekens.

Dit is die jaar van God se straf oor die nasies, en dit bereik 'n hoogtepunt met die aankondiging van Christus se wederkoms en die vestiging van die Koninkryk van God op aarde. Dit is die opwindende goeie nuus van profesie! “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Ons behoort almal uit te sien na die wederkoms van Christus. Ons behoort geestelik voor te berei vir daardie gebeurtenis wat binnekort sal plaasvind. Soos u kan sien, gee die Bybel aan ons 'n oorsigtelike raamwerk vir profesie. Dit is nodig dat u daardie raamwerk verstaan!

Sleutel 5: Leer wat is die doel van Bybelse profesie

Daar is baie mense vir wie godsdiens 'n stokperdjie is en hulle kom met baie ongegronde idees en wanvoorstelling oor profesie na vore. Wat is die doel van profesie? *Unger se Bybelse Woordeboek* gee hierdie waarskuwing: “Profesie is nie bedoel om die toekoms te openbaar vir ydele nuuskierigheid nie, maar vir die

hoër doel om lig aan diegene te voorsien wie se geloof versterking nodig het”. Het u geloof versterking nodig? “Die openbaring van toekomstige gebeure mag nodig wees in tye van ontmoediging om hoop aan te wakker of dit te onderskraag, om vertrouwe in te boesem te midde van algemene afvalligheid, en om te waarsku teen boosheid wat 'n bedreiging is vir die getroues. Die voorspellings teen Babilon, Tirus, Egipte, Nineve en ander koninkryke, was aan God se volk gegee om hulle te vertroos, deur aan hulle die lot van hulle vyande te onthul” (*Unger's Bible Dictionary*, bl. 892).

Verstaan dat Bybelse profesie ook volke en nasies waarsku om hulle te bekeer, sodat hulle straf kan vryspring. Johannes die Doper het geweldige groot skares mense gedoop wat almal deur sy prediking geraak was. Die Evangelieskrywer Mattheüs beskryf wat gebeur het: “In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom” (Mattheüs 3:1-2). Jesus Christus het natuurlik later dieselfde boodskap gepreek (Markus 1:14-15). Wat was die reaksie op Johannes se prediking? “En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes” (Mattheüs 3:5-6).

Is u besig om voor te berei vir Christus se Wederkoms? Begrip van die werklikheid van Bybelse profesie sal u help om voor te berei! Op Pinksterdag in 31 n.C., het die apostel Petrus die duisende in sy gehoor aangespoor om hulle te bekeer en te laat doop (Handelinge 2:38). Petrus het die skare gemotiveer om hul lewens te verander. Hy het gesê: “En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag. Die wat toe sy woord met blydskap

aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring” (Handelinge 2:40-41). Indien God u tot die punt van berou tot bekering gebring het en u die verpligting van die doop verstaan, moet asseblief nie huiwer om een van ons verteenwoordigers by die streekkantoor die naaste aan u – soos gelys op bl. 2 van hierdie uitgawe – te nader nie.

Die Bybel skets duidelik die oordeel wat oor die Westerse nasies gaan kom as ons volhou met ons onsedelike

lewenswyses wat strydig is met God se weë. Indien u egter Bybelse profesieë verstaan, kan u groot lyding gespaar word en kan u individueel God se seëninge ervaar, selfs wanneer u nasie God se oordeel ondergaan. Profesie openbaar kommerwekkende eindtydse gebeure wat net om die draai lê, maar dit openbaar ook die goeie nuus van God se vinnig naderende koninkryk. Mag God daardie wonderlike dag bespoedig! **WVW**

Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake

Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei? Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar. Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Londen Roep

So breekbaar as 'n rots

Deur Rod King

Wat gaan van Gibraltar word nou terwyl die Britse vlootmag verswak?

Is Gibraltar 'n agtiende eeuse tydteenstrydigheid? Behoort Brittanje net eenvoudig sy ses vierkante kilometergebied terug te gee, wat Spanje beweer na regte aan hulle behoort?

Spanje tart weereens Groot Brittanje se ontoegeeflike houvas op die strategiese Rots van Gibraltar uit – daardie klein uitsteeksel van sandsteen aan die suidelike punt van die Iberiese Skiereiland. Sedert die Utrechtse Vredesverdrag dit in 1713 aan die Britte afgestaan het met die bepaling dat die fort en die fort se dorpie “vir altyd gehou en geniet moet word, sonder enige uitsondering of belemmering hoegenaamd”, was dit 'n voortdurende bron van irritasie vir die Spanjaarde.

Betrekkinge tussen Gibraltar en Spanje is vir lank reeds troebel. In 1969 het Generalissimo Francisco Franco, heerser van Spanje vanaf 1936 tot 1975, sy land se grense gesluit vir die Gibraltarese. Die sosialistiese regering wat gevolg het ná Franco se dood, het Spanje in die NAVO ingebring, en toe Spanje in 1986 by die Europese Unie aangesluit het, het hoop in Spanje opgevlam dat 'n supranasionale gesag Engeland dalk sal kan oorreed om “die

Rots” terug te gee.

In Junie 2009 het die EU aan Spanje bykomende regte oor die waters om Gibraltar verleen, deur 'n nuwe “omgewingszone” te verklaar wat deur Spanje in stand gehou moet word. Daar is egter nog meer. “Onder EU-wetgewing kan 'n bewaringsgebied slegs verklaar word deur die onafhanklike staat wat die stukkie land of see wat in gedrang is, besit. Dus, deur toe te gee aan Spanje se versoek om die waters om Gibraltar in te sluit, het die Europese burokrate takties erken dat Spanje Britse gebied besit” (*Gibraltar Con Trick*, *The Daily Mail*, 1 Junie 2009).

Wat baie min mense verstaan, is dat dit nie slegs hier gaan om Spanje se hebsug en Brittanje se koppigheid nie. Dit gaan om 'n belofte wat God omtrent 4 000 jaar gelede aan Abraham en sy nasate gemaak het.

Mense wat die *Wêreld van Môre* vir 'n lang tyd reeds lees, weet dat die Skrif openbaar dat die Verenigde State van Amerika, tesame met die Brits-afstammende volke, die hedendaagse afstammeling van antieke Israel is. Die Bybel toon dat toe Jakob (Israel) op sterwe was, hy al die seëninge wat God aan hom gegee het,

aan Josef – en Josef se twee seuns, Efraim en Manasse (Genesis 48:16, 20) oorgedra het. Daardie seëninge was *bykomend tot* die seëninge wat God aan Abraham en Isak belowe het.

Die Skrif gee 'n uiteensetting van 'n seëning wat God aan daardie afstammeling belowe het. God sê “dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; **en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem**” (Genesis 22:17).

Hierdie belofte sou vervul word in die “laaste dae” – na aan die einde van hierdie tydperk, net voor Jesus Christus se wederkoms na die aarde. Alhoewel die belofte ten opsigte van die vervulling daarvan onvoorwaardelik was, het God voorwaardes aan Abraham se nageslag gestel, indien hulle die seëninge wou behou. Hy het gewaarsku dat indien hulle Sy insettinge verwerp en 'n afsku aan Sy verordeninge het, sal Hy Sy seëninge van hulle af wegneem (Levitikus 26:14-17).

Dit is wat ons nou sien, namate Brittanje se wêreldwye invloed verklein.

Seepoorte

Tydens die hoogtepunt van sy Ryk, het Brittanje die oorgrote meerderheid van die wêreld se seepoorte besit. Party historici het dit “knelpunte” genoem, waar natuurlike topografiese en geologiese faktore saamsmelt om waterweë te vorm om diegene wat dit beheer, 'n strategiese vlootvoorsprong te gee.

Dink aan die Seestraat van Malakka, waardeur 80% van Japan se olie-invoere vloei, asook 50 000 skepe elke jaar. Groot Brittanje het daardie waterweg beheer, totdat sy aan Singapoer onafhanklikheid gegee het in 1965. Deur die 1950s en 1960s het dekolonisasie van die Ryk beteken dat die eens magtige Britse nasie die meeste van sy seepoorte ontnem is. Hier volg 'n lys van strategiese gebiede wat Brittanje verkry het en toe verloor het:

1815-1948	Sri Lanka
1882-1956	Suezkanaal (in Egipte)
1819-1965	Singapoer
1839-1967	Aden
1795-1975	Simonstad Vlootbasis (Suid-Afrika)
1841-1997	Hong-Kong

Groot Brittanje besit nog verskeie seepoorte. Saam met Gibraltar, beheer die Britte die Falkland Eilande (wat die Malvinas genoem word deur Argentinië wat daarop aanspraak maak) en die beheer

daaroor is teen groot koste aan Britse lewens en rykdom, in 'n oorlog in 1982 verdedig. 'n Ander, minder strategiese besitting is die eiland van Diego Garcia in die Indiese Oseaan, wat Brittanje aan Amerika verhuur en wat 'n rol gespeel het tydens die twee Golfoorloë.

Die Verenigde State van Amerika het ook 'n paar seepoorte beheer, insluitende die Filippynse vlootbasis te Subic-baai (1899-1992) en die Panamakanaal (1914-1999). Saam met die verlies aan daardie poorte, kom 'n verlies aan internasionale aansien; nie slegs is die Panamakanaal aan Panama afgestaan nie, maar hierdie uiters belangrike strategiese hulpbron word nou beheer deur 'n firma uit die Volksrepubliek van China! Wat sal dit beteken in die geval van 'n militêre konflik?

Wat voorspel wêreldneigings vir toekomstige Britse beheer van Gibraltar? In 'n tyd van kernwapentuig, mag dit lyk asof seepoorte oorbodig is. Is dit werklik so? Definitief nie! Oorweeg byvoorbeeld, die onlangse konflik in Suid-Ossetia. Binne dae nadat vyandighede begin is, het die Amerikaanse Sesde Vloot se skepe deur die Bosporus gevaar om humanitêre hulp aan die Georgiërs te verleen en om Rusland in kennis te stel van Amerika se belang in die saak. Deur dit te kon doen, moes die skepe deur die Straat van Gibraltar en die Bosporus vaar. Vandag beheer Brittanje en Turkye respektiewelik daardie

belangrike “knelpunte” – maar dinge kan verander. Namate die Europese Unie ekonomiese en militêre mag bekom en Amerika en Brittanje moet terugsky op militêre uitgawes, is dit slegs 'n kwessie van tyd voordat die gekombineerde Europese mag by Brittanje sal aandrang om afstand te doen van sy vlootbasis by Gibraltar ten gunste van 'n gesamentlike Europese bevel.

Ceuta

Nee, Spanje sal ook nie uitsluitlike beheer oor Gibraltar verkry nie, maar dit het belang aan die anderkant van die seestraat om te beskerm.

Spanje se aanspraak op Gibraltar kry 'n ander kleur wanneer ons dié land se aanspraak op die strategiese Noord-Afrikaanse hawe van Ceuta ondersoek wat regoor Gibraltar aan die suide, sedert 1580 deur Spanje beheer word. Die regering van Marokko het geredeneer dat indien Spanje beheer oor Gibraltar verkry, Ceuta moet teruggaan na Marokkaanse besit, sodat Spanje nie beide kante van die seestraat na die Middellandse See beheer nie. Nogtans is baie inwoners van Ceuta Spaans van afkoms en praat die Spaanse taal. Hulle wil nie Marokkane word nie, netso min as wat die Engelssprekende inwoners van Gibraltar Spanjaardewil word.

In 'n 1967 referendum, het 12,138 inwoners van Gibraltar aangedui dat hulle verkies om 'n Britse gebied te bly. Slegs 44

wou terugkeer na Spaanse beheer. In 2002 het 98.97% van die inwoners van Gibraltar in 'n stemming gesamentlike beheer met Spanje verwerp.

Wat sal van Gibraltar word as die Britse seemag verswak? Dink aan die ou Gibraltarese legende dat solank daar 'n kolonie kuifapies [Barbary Macaques] op die Rots is, dit Brits sal bly. In

1942, toe verneem is dat die bevolking kuifapies gekrimp het tot slegs enkele, het Eerste Minister Winston Churchill beveel dat van die Marokkaanse kuifapies daarheen geneem moes word om getalle op Gibraltar aan te vul. Tans is daar net 230 van hierdie apies op die Rots. Sal hulle weggaan of sal hulle uitsterf?

God ken die antwoord op daardie vraag. Indien u meer te wete wil kom oor die toekoms van die Amerikaanse en Britsafstammende nasies, vra asseblief vir 'n gratis kopie van ons uiters belangrike boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Pole en die Tweede Wêreldoorlog

dit verseker dat daar nooit weer 'n aanval soos op 1 September 1939 sal wees nie? Kan Pole staatmaak op die verbintenisse en militêre verdrae wat gemaak word met die Westerse magte? *Kan Pole Amerika vertrou?*

Die langtermyn antwoord is: **“Nee!”** Bybelse profesieë verduidelik dat die mag en aansien van Amerika – en die ander Westerse nasies – eers sal taan en dan heeltmal in duie sal stort, as gevolg van hul nasionale sondes. Die tyd sal onvermydelik aanbreek wanneer Amerika en ander Westerse nasies nie langer in staat sal wees om Pole en ander Oos-Europese lande te beskerm nie. *Waarom nie? Omdat hulle nie in staat sal wees om hulself te beskerm nie.*

Gevaar vorentoe

Die God van die Bybel het vooruit gewaarsku dat moderne Israel – saamgestel uit die hedendaagse Engelssprekende en Wes-Europese nasies, insluitende Amerika – *oorrompel sal word* deur hierdie Europese

Diermoonheid (vir meer inligting oor die identiteit van die hedendaagse Israelitiese nasies, skryf asseblief en vra om u kopie van ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*). Die profeet Esegïël was beveel om Israel te waarsku aangaande 'n toekomstige ballingskap – lank nadat die Assiriese ballingskap plaasgevind het. Dit kan slegs beteken dat daar 'n toekomstige, *tweeledige* toepassing nog moet plaasvind – en Bybelse profesieë toon aan dat daardie tyd inderdaad nog voorlê.

Waarom sal hierdie geprofeteerde ramp plaasvind? As gevolg van hedendaagse Israel se weiering om hul te bekeer van opstand teen en ongehoorsaamheid aan God. “En Hy het vir my gesê: Mensekind, kom, gaan na die huis van Israel, en spreek hulle aan met my woorde ... Maar die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie; want die hele huis van Israel het 'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart” (Esegïël

3:4, 7). As gevolg van ons nasiese sondes sal ons nasionale voorspoed en militêre oorheersing tot 'n skielike einde kom. God sal Pole se ou vyand, die antieke nasie Assirië (moderne Duitsland), gebruik om die moderne afstammeling van Israel deur oorlog en ballingskap te verneder (Jesaja 10:5-6). Slegs ná 'n tyd van swaarkry soos die wêreld nog nooit voorheen beleef het nie, sal die Israelitiese nasies uit ballingskap terugkeer met geweene en geweeklaag oor hulle sondes (Jeremia 30). God waarsku die Amerikaanse en Britsafstammende volke om hulle te bekeer van hul afvallige weë en terug te keer na God! Soos die profeet Jeremia dit te boek gestel het, sê God: “Kyk, Ek maak onheil gereed teen julle, en Ek dink 'n plan uit teen julle ... Nogtans het my volk My vergeet ...” (Jeremia 18:11, 15).

Westerse nasies het voorspoed en militêre oorheersing in die 20ste eeu geniet as gevolg van God se beloftes aan Abraham – en nie as gevolg van hulle eie

Vervolg op bladsy 26

Sodat ons nie vergeet nie

Deur John Meakin

Hoe oorloë sal eindig en vervang word deur vrede.

Toe Brittanje se laaste soldaat van die Eerste Wêreldoorlog gesterf het, wat het nog saam met hom gesterf? Het die wêreld die lesse van oorlog geleer – en sal dit ooit die lesse van vrede leer? U Bybel bevat die antwoord!

Manskap Harry Patch was die oudste man in die Verenigde Koninkryk toe hy op 24 Julie 2009 op die ouderdom van 111 oorlede is. Hy was egter meer as dit, hy was Brittanje se laaste oorlewende soldaat wat die gruwels van die loopgrawe gedurende die Eerste Wêreldoorlog verduurhet.

U mag moontlik nie weet wie hy was nie, maar sy dood was betekenisvol, veral in die Verenigde Koninkryk. Die Koningin en die hele nasie het sy dood betreur. Prins Charles, Eerste Minister Gordon Brown en baie ander het hulde gebring aan Harry as 'n voortrefflike voorbeeld van opoffering, moed, uithouvermoë en pligsgevoel wat sy geslag gekenmerk het in die strewe na vryheid. Baie mense het klem gelê op die belangrikheid van opoffering in die verdediging van blywende waardes en vryhede, waarvan manskap Patch en baie ander soos hy gedurende die oorlogsjare kenmerkend was.

Harry was 'n tienderjarige "Tommie" in die Eerste Wêreldoorlog en het in die Britse weermag diens gedoen in die loopgrawe van noordelike Frankryk. Met sy dood op die ouderdom van 111 jaar, is die Verenigde Koninkryk se *laaste oorblywende skakel* met die Eerste Wêreldoorlog beëindig. Dit is nogal werklik belangrik. Dit beteken dat daar niemand meer

oor is wat eerstehands deur persoonlike ondervinding kan beskryf, wat werklik gebeur het nie – hoe dit werklik was, wat ons deur dit alles kan leer nie.

Vir die grootste deel van sy lewe was Harry vasbeslote om nooit die dinge wat hy gedurende die oorlog beleef het, te bespreek nie. Nogtans, op ouderdom 100 het hy hom laat oorreed om sy stilswye te verbreek – en hy het 'n uitgesproke en ikoniese segsman oor die nuttelosheid van oorlog geword. Hy het sy bekendheid gebruik om dankbaarheid en respek aan te moedig jeens almal, aan alle kante, wat in die oorlog diens gedoen het. Hy was egter besonder passievol in sy pleidooie dat geskille besleg moet word op ander maniere as geweld en oorlog.

'n Eeu van oorlog

Om en by die tyd van die Eerste Wêreldoorlog, het die aard van oorlogvoering self dramaties begin verander. Tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang het verseker dat die dood van medemense uitgevoer kon word op 'n werklike industriële skaal. In 1901, in sy eerste toespraak as lid van die Parlement, het die 26-jarige Winston Churchill, nog vars in sy geheue uit sy ondervinding van oorlog in Suid-Afrika, oor hierdie neiging gewaarsku: "Ons moet

nie oorlog met 'n moderne moontheid beskou as 'n soort speletjie waarin ons kan deelneem en met goeie geluk en goeie bestuur vir 'n aand behendig kan speel en daarna veilig hystoe kan kom met wat onsgewen hetnie".

Churchill het voorafwetend die oorloë beskryf wat hy oor die horison sien kom het: "n Europese oorlog kan niks anders wees as 'n wrede, hartverskeurende stryd wat, as ons ooit die bitter vrugte van oorwinning gaan smaak, moontlik verskeie jare gaan opeis, die hele manlikheid van die nasie, die algehele opskorting van vreedsame industrieë, en die konsentrasie aan een kant van elke noodsaaklike energie in die gemeenskap" (*A History of the Twentieth Century*, Vol. 1, deur Martin Gilbert, bl. 51). Churchill het oorlog, selfs die kleineres onder die dekmantel van minder belangrike konflikte, as afskuwelik en verskriklik beskou. Wie sou kon voorsien dat slegs 13 jaar later, *die hele wêreld* gedompel sou wees in 'n venynige en bloedige oorlogsbrand wat miljoene lewens sou kos?

Hierdie "oorlog om alle oorloë te beëindig", soos dit bekend geraak het, het egter gefaal om 'n einde aan oorlog te maak! Met tyd het ons dit herdoop na die "Eerste

Wêreldoorlog” – want 'n ander, meer verskriklike wêreldoorlog, sou spoedig volg. Die blom van 'n hele geslag was verlore op die slagvelde van noordelike Europa. Nogtans het die weersin wat so baie mense gekoester het teenoor die loutere gruwel en tragiese vermorsing van menselewens, nie 'n einde gemaak aan oorlog nie. Soos 'n jong diplomaat wat die rampspoedige gevolge van die oorlogsverskuiwings wat in 1919 deur die Paryse Vredeskonferensie te Versailles vasgestel is voorsien het, en aan President Woodrow Wilson gesê het: “Ons regering het nou ingestem om die lydende volke van die wêreld aan nuwe onderdrukkings, onderwerpings en verdelings uit te lewer – 'n nuwe eeu van oorlog” (*The Great Influenza*, deur John M. Barry, bl. 388).

Was dit waarlik so 'n groot verrassing dat die twintigste eeu uitgedraai het presies soos voorspel? Dit het met oorlog begin en dit het met oorlog geëindig. “Nie 'n jaar het verbygegaan sonder dat soldate en burgerlikes gedood is in oorlog of geworstel het om van die verwoesting daarvan te herstel nie” (Gilbert, bl. 2). Waarom behoort die een-en-twintigste eeu enigsins anders te wees? Het die mensdom dalk uiteindelik die lesse van oorlog geleer, soos Harry Patch so graag wou hê – om ons geskille op 'n ander manier as deur geweld op te los? Of is die tydlose wysheid wat in die Bybel te vinde is, wanneer die menslike aard bespreek word, dalk meer korrek: “Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van

vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees vir God voor hulle oë nie” (Romeine 3:15-18). Daar word iets wat diepliggend ontbreek openbaar deur die geweldadige neigings van die menslike natuur. *Kan dit moontlik gekoppel word aan die minagting en verwaarlosing van God se denkwyse en weë?*

Waarom die verlede onthou?

Waarom is die dood van 'n man soos Harry Patch van soveel belang? Wanneer die laaste lewende skakel met die gebeure van die verlede verbreek word, is iets onvervangbaar verlore. Herinnerings vervaag onafwendbaar en daarmee saam die werklikheid van daardie gebeure van die verlede. Dit word aan historici oorgelaat om sodanige gebeure te boek te stel. Die gevolg is dat hul rol belangrik en noodsaaklik is.

Die plig van historici is om alle feite van die verlede noukeurig te versamel en oor die betekenis daarvan na te dink, sodat toekomstige geslagte dit kan onthou. Die probleem is egter dat ons in 'n geslag lewe wat hoofsaaklik leef vir opwinding, plesier en besorgdhede van die hede en hulle is grootliks glad nie bekommerd oor die verlede nie. Oorweeg die uitgangspunt van een so 'n beroemde historikus, Eric Hobsbawm: “Die totnietmaking van die verlede ... is een van die mees karakteristiese en onheilspellende verskynsels van die afgelope twintigste eeu. Die meeste jong mans en vrouens teen die einde van die eeu, het grootgeword in 'n soort van permanente hede sonder

enige organiese verhouding met die openbare verlede van die tye waarin hulle leef. Dit maak historici, wie se werk dit is om te onthou wat andere vergeet het, aan die einde van die tweede millennium meer noodsaaklik as ooit tevore” (*Age of Extremes*, bl.3).

Deesdae is daar onder die huidige geslag 'n soort van kollektiewe geheueverlies wat werklik ontmoedigend en uifers sorgwekkend is. Die Spaansgebore Amerikaanse filosoof, George Santayana merk op: “Diegene wat nie die verlede kan onthou nie, is gedoem om dit te herhaal” (*The Life of Reason*, vol. 1). *Indien ons nie die geweldadige neigings van die menslike natuur konfronteer en dit verwerk nie, is ons gedoem.* Veral in 'n wêreld waar die vernietigende potensiaal van oorlog blykbaar teen 'n tempo toeneem.

Ons behoort nooit die nutteloosheid en vernietigende vermoë van oorlog te vergeet of die lesse wat ons daaruit kan leer nie. Neem as 'n voorbeeld die Nazi's se volksmoord gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Party mense bespiegel daarvoor of so 'n monumentale gruwel ooit weer kan gebeur. Ander weer, skokkend soos dit mag wees, betwis dat dit ooit gebeur het. Dit was so verskriklik, so afgrylik, so totaal ondenkbaar dat dit hele geslagte wat daarop gevolg het, geskend het. Vir baie het dit makliker en meer gerieflik geword om te vergeet en om hulself te oortuig dat dit nooit plaasgevind het nie.

Soms vind 'n nasie homself so beswaard deur sy verlede dat die leiers daarvan die geskiedenis selfs uit die

skoollesse verwyder, ten gunste van stories wat meer aanvaarbaar is. Vra 'n tipiese Japanese skoolkind en 'n tipiese Chinese skoolkind uit oor Japan se inval in Mantsjoerye in 1931, en luister na twee heeltemal verskillende “geskiedkundige” relase oor wat gebeur het.

Dit is een rede waarom Generaal Dwight D. Eisenhower, hoofbevelvoerder van die Geallieerde magte gedurende die Tweede Wêreldoorlog, daarop aangedring het dat die gruwels van die Nazi's se doodskampe tot in die fynste besonderhede verfilm moes word vir latere geslagte. Duitsland en Duitsbeheerde Poland was die terrein van wreedaardighede wat vir baie mense moeilik is om te glo. Sewentig jaar nadat Duitsland Pole binnegeval het, wat die begin van die Tweede Wêreldoorlog aangedui het (Lees “Pole en die erfenis van die Tweede Wêreldoorlog” elders in hierdie uitgawe), sleep die verwoestende uitwerking van daardie jare nog steeds voort.

Heeltemal bewus van die menslike vermoë tot ontkenning, het Eisenhower daarop aangedring dat inwoners van die omliggende dorpe en stede na die doodskampe geneem moes word, om die stank te ruik en vir hulself die skokkende werklikheid te sien van dit wat die Nazi-regering bedryf het. Het hy dit nie gedoen nie, sou baie mense onbewus gewees het van die waarheid. Eisenhower het besef dat toekomstige geslagte in die versoeking mag kom om dit uit hul kollektiewe geheue te wis as gevolg van die blote ondenkbare gruwelikheid daarvan. So was dit dan ook. Eisenhower was vasbeslote om sy deel te doen om dit nooit te

laat gebeur nie.

Een van die lesse van oorlog wat heilig bewaar word deur die afsterwe van Harry Patch, is dat ons tyd moet maak om oor die gebeure van die geskiedenis te leer, *sodat ons nooit vergeet en nooit ontken wat gebeur het nie* – uit afsku of walging – of om watter rede ook al!

Meer as 'n geskiedenis boek!

Dit bring ons by die geskiedenisboek van alle geskiedenisboeke – waarna reeds verwys is – die Heilige Bybel. Anders as ander geskiedenisboeke, is die gesag, die omvang, die diepte en verskeidenheid van ondervinding en advies daarin ongeëwenaard. Waarom gee so min mense deesdae aandag daaraan? In 'n toenemend Goddelose tydperk het dit mode geword om wat God se woord sê, te ignoreer en dit selfs te vergeet.

Die Bybel voorsien ons egter van baie meer as geskiedenis. Dit maak daarop aanspraak om direk deur God geïnspireerd – deur God ingegee (2 Timotheüs 3:16) – en om op elke manier voordelig te wees. Dit is God se tydlose boodskap van wysheid oor die hele spektrum van menslike ondervinding aan die mensdom. Die Bybel se boodskap is onskatbaar. *Ons behoort weer die belangrikheid daarvan te leer en meer aandag te skenk aan die boodskap daarvan.*

Byvoorbeeld, terwyl ons nou by die onderwerp van oorlog is, voorsien dit aan ons 'n eenvoudige begrip van die oorsake van oorlog: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle

welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring” (Jakobus 4:1-3).

Ons kom nie verby hierdie waarneming nie, dat oorlog en geweld integraal deel is van die selfsugtige menslike natuur wat alte dikwels die toevlug neem tot een of ander vorm van geweld om te verkry wat begeer word. Terselfdertyd weier ons om die geboie en prioriteite van 'n liefdevolle God te onderhou wat ons beveel om nie ons geskille deur geweld te besleg nie. “Vergeld niemand kwaad vir kwaad nie ... leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here ... Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie” (Romeine 12:17-21).

Baie van ons pas hierdie advies toe so goed ons kan op ons intieme, persoonlike verhoudings. Die groter uitdaging is om maniere te vind om hierdie advies ook op al ons ander verhoudings toe te pas. Hoe kan hierdie beginsels toegepas word om te voorkom dat 'n nasie teen 'n ander nasie opstaan – selfs om konflik te voorkom wat ons hele beskawing op die knieë kan dwing – of nog erger?

Soos Harry Patch so sterk daarvoor gevoel het, *moet daar 'n ander manier wees*. Daar is wel – **as** ons net gewillig is om ons lewens te leef in harmonie met wat God van ons vra.

Daar is egter nogtans meer. Merkwaardig, die Bybel vermeld ook wat ons mag noem, *geskiedenis vooruit geskrywe*. Dit word profesie genoem – God se voorspellende siening van die toekoms. God gee in die Bybel 'n raamwerk van die manier waarop wêreldgebeure sal uitdraai. Dit is nie 'n mooi prentjie nie. Die Bybel boekstaaf die eindresultaat van menslike natuur – 'n oorlog om waarlik alle oorloë te beëindig: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheüs 24:21-22).

Christus se woorde verwys in die laaste instansie na 'n tyd van moeilikhede wat erger sal wees as die vernietigende kranksinnigheid van die wêreldoorloë wat die twintigste eeu so geskend het. Aangesien Hy hierdie woorde tot ons lering gespreek het, behoort ons hulle te erken as betroubaar en waar – ten spyte van die aakligheid wat hulle aankondig – *tensy* ons as individue en nasies die lesse van oorlog kan leer. Die Skrif verduidelik wat ons sal ervaar, *tensy* ons die menslike natuur wat so vyandiggesind is teenoor God en Sy geopenbaarde weë, kan verander – en wat die onderliggende oorsaak is van oorloë (Romeine 8:7; Jeremia 17:9).

Indien ons oë het om te sien, maak God dit vir ons *baie duidelik* hoe die menslike natuur kan en moet – en mettertyd **sal** – verander!

'n Deel van God se opdrag

aan Sy Kerk is om ons geslag te waarsku van wat Hy die Groot Verdrukking noem, die oorlog wat 'n einde sal maak aan hierdie huidige tydperk van die mens en wat tot 'n beter tydperk in die Koninkryk van God sal lei. Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word uitgegee as deel van die poging om daardie opdrag uit te voer deur hierdie boodskap na elke hoekie van die aardbol uit te dra.

Vrede is aan die kom!

Ware vrede is aan't kom na hierdie oorlogverskeurde en oorlogmoeë wêreld. Die terugkerende Jesus Christus sal kom om 'n einde te maak aan oorloë. Sy geprofeteerde heerskappy oor die hele aarde sal blywende en algehele vrede bring, soos wat ons wêreld nog nooit voorheen ondervind het nie. Onder Jesus Christus se leiding, sal die mensdom leer om anders te dink. Die menslike natuur wat nie die weg na vrede ken nie, sal van aangesig tot aangesig gebring word met God se manier van dink, wat vrede sal verseker. Bybelse profesieë toon aan dat hierdie wonderlike tyd in die nie-te-verre toekoms sal aanbreek (vir meer oor Bybelse profesieë en hoe u dit kan verstaan, lees asseblief ons artikel “Vyf sleutels tot profetiese begrip” elders in hierdie uitgawe).

Hoe sal daardie wonderlike tyd wees? Daardie Christene wat God vandag roep, sal 'n spesiale rol speel deur Jesus Christus by te staan in Sy heerskappy oor die aarde. Om meer te leer oor hierdie glorieryke toekoms, skryf asseblief om u gratis kopie van ons besielende boekie: “*The World Ahead: What Will It Be*

Like?”

Soos ons sien uit die lewe van Harry Patch, is dit belangrik om die *gang van vervloë geskiedenis* te leer en te onthou, deur na diegene te luister wat nog lewe – wie se herinneringe saam met hul leef. Wanneer hulle weg is, kan ons voortgaan om *te leer uit die geskiedenisboeke* wat aanhou om die gebeure van die verlede getrou te boekstaaf. Ons kan ook veral die groter lesse wat die geskiedenis ons leer, *uit die rykdom en diepte van die Bybel leer*.

U en ek kan egter nog verder gaan – ons kan, uit die Bybel, weet wat *die gang van toekomstige geskiedenis* sal wees. Dit is God se geskenk aan u. Sodoende kan u leer. U kan dus verander. U kan dus die vernietiging van toekomstige oorloë ontduik. U kan dus leer om u deel ten volle te doen deur te help om 'n permanente einde te maak aan oorloë.

Ons moedig u derhalwe aan om u Bybel af te stof en te begin om uit die tydlose wysheid wat dit bevat, te put. Bly grawe in die oorfloed Bybelse inligting wat in hierdie tydskrif voorsien word, ook in die *Tomorrow's World* se beelddings en in ons webtuiste www.wvm.co.za; en pas dan die beginsels wat u geleer het toe in u daaglikse lewe.

Ons behoort mense soos Harry Patch en wat hul verteenwoordig, te onthou. Onthou die verlede en leer daaruit. Moet uself nie begrawe in die selfsugtige genot van die hede nie (2 Timotheüs 3:1-5). Meer nog as dit, leer wat die toekoms inhou vir u en vir die wêreld. Gaan oor tot aksie! Vandag nog! **WVM**

Pole en die erfenis van die Tweede Wêreldoorlog

Deur Rod McNair

Hierdie maand, sewentig jaar gelede, het die Tweede Wêreldoorlog begin met Duitsland se inval in Pole. Op die 70ste herdenking van hierdie historiese gebeurtenis, wat leer Pole se verlede aan ons oor hul toekoms – en oor die toekoms van wêreldoorlog?

1 September 2009 dui 'n sombere herdenking aan vir die nasie van Pole. Dit was op daardie dag in 1939 – 70 jaar gelede – dat Duitse troepe die Poolse grens oorgesteek het en 'n reeks gebeure ontketen het wat Europa en die hele wêreld spoedig in die gruwelikste oorlog in die geskiedenis gedompel het.

Waarom het dit gebeur? Wat voorspel dit vir die toekoms? Voorsien die Bybel aan ons leidrade aangaande die toekoms van Pole, Europa en Rusland in die jare wat sal kom? Die verrassende – en ernstige – antwoord is: Ja!

Sameswering om 'n volk uit te wis

Voor September 1939 het Adolf Hitler aan die Poolse regering en aan die wêreld gesê dat Nazi-Duitsland net *lewensruimte* wil hê en slegs beoog om Duitsers wat in 'n Poolse gang aangrensend tot Duitsland woon, wil “bevry”. Die reïne waarheid was egter dat Hitler nog altyd beplan het om Pole binne te val. Op 22 Augustus, 10 dae voor die inval, het Hitler sy beleid aangaande Pole aan die Wehrmacht se leierskap uiteengesit, en hulle beveel om voor die voet dood te

maak, “sonder jammerte of genade, mans, vrouens en kinders van Poolse afkoms of taal” (*Forgotten Holocaust: The Poles Under German Occupation*, bl. 3). Hitler het gesê: “Die vernietiging van Pole is ons hoofsaak. Die doel is nie die bereiking van 'n sekere lyn nie, maar die uitwissing van lewende magte ... wees genadeloos! Wees brutaal ... Dit is nodig om voort te gaan met die maksimum felheid ... Die oorlog moet 'n oorlog van uitwissing wees” (*ibid.*, bl.4).

So het 'n verskriklike nagmerrie vir die Pole en hulle land begin toe die Duitse oorlogsmasjien hul toegesak het op verskeie fronte. Burgerlike teikens was met dieselfde wreedheid aangeval as militêre teikens. Boere wat op die lande gewerk het, was venynig deur die Luftwaffe aangeval, hospitale en sanatoriums was verkool. Daar was geskiet op verkeer op die hoofweë om verwarring en terreur te veroorsaak soos wat Nazi-Duitsland oorlog gevoer het, nie slegs om Pole te oorwin nie, *maar om hul as 'n nasie te vernietig*.

T y d e n s d a a r d i e verwoestende September was Pole nie slegs deur Nazi-Duitsland aangeval nie, maar ook

deur sy oostelike buurman, Rusland. Op 23 Augustus, slegs 9 dae voor die inval, het Duitsland en Rusland se Ministers van Buitelandse Sake 'n nie-aanvalsverdrag onderteken en die twee nuwe saamspannende nasies het toe ook die berugte geheime protokol onderteken waarin hul ooreengekom het om die verslane Pole te verdeel in Duitse en Russiese sones. Toe Rusland Pole op 17 September aangeval het, moes die nasie op twee fronte veg om hulself te verdedig.

Die situasie het vir Pole versleg. Die nasie was nie slegs deur vyande op albei grense aangeval nie – dit sou spoedig verraai word deur hul verklaarde vriende in die Weste.

Verraai deur “Bondgenote”

Poolse magte het desperaat geveg, met die hoop om tyd te wen totdat die beloofde hulp wat van Frankryk en Engeland sou kom, opdaag. Beide Frankryk en Engeland het op 3 September oorlog verklaar teen Duitsland, twee dae ná die inval. Hoewel Frankryk tog verbind was om 'n grootskaalse offensief binne 15 dae na Duitsland se aanval te loods, het dit nie gebeur nie. Historikus Andrew Hempel skryf:

“Terwyl die Poolse leër alleen geveg het, het 92 Franse divisies ledig agter die Maginotlyn teenoor 35 derderangse Duitse divisies gestaan” (*Poland in World War II: An Illustrated Military History*, bl. 23). Die moorddadige verraad van Duitsland en Rusland was vererger deur die Geallieerdes se herhaalde verraad teenoor Pole.

Ten spyte van onvervulde beloftes van die Weste en terwyl hul venynige aanvalle op twee fronte moes afweer, het die Poolse weermag steeds daarin geslaag om beduidende skade aan die invallers te berokken.

Was 1939 egter die eerste keer dat Pole deurgeloopt het onder aggressiewe, oorlogvoerende bure? Nee. Pole koester deesdae met reg agterdog teenoor sy bure en nie slegs oor wat 70 jaar gelede gebeur het nie. Die storie begin eeue voor daardie tyd. In die 15de eeu was die koninkryk van Pole 'n toonaangewende en magtige staat, maar in die 1700s het dit deurgeloopt onder die aggressie van dieselfde buurstate wat dit in 1939 aangeval het: Rusland, Pruise en Oostenryk. “In drie agtereenvolgende gebiedsbeslagleggings, in 1772, 1793 en 1795, het die drie bure Pole van die kaart van Europa geskrap ...” (Hempel, bl. 2). Hierdie lyding het voortgeduur tot in die 19de eeu toe opstande teen Rusland in 1830 en 1863 in 'n nederlaag geëindig het en duisende Pole na Siberië verban is” (*ibid.*, bl. 2-4).

Toe die Eerste Wêreldoorlog geëindig het, het Pole te voorskyn getree as 'n vry en onafhanklike nasie, vir die eerste keer in 123 jaar (*ibid.*, bl. 4-5). Die land se relatiewe vrede en vooruitgang het egter katastrofies geëindig in 1939. Selfs nadat die Tweede Wêreldoorlog na 5 jaar van aakligheid vir die Pole beëindig is, het hul lyding onder Russiese oorheersing voortgeduur. Ten spyte daarvan dat hulle die Geallieerdes se saak gedien het, was Pole oorgegee aan die Russiese invloed sfeer, hulle was beloon met die ystervuis van Kommunisme. Die Sowjetunie het vinnig toegeslaan op Pole (asook die res van Oostelike Europa), en nie sy greep verslap tot en met die val van die Ystergordyn in 1989 nie.

Pole se geskiedenis gee aan ons insig in wat die Poolse volk vandag moet trotseer. Pole is 'n klein maar ontluikende landjie wat *desperaat na versekering soek dat die gruwels van die verlede nooit herhaal sal word nie*. Sal dit, en die res van vrye Europa egter daarin slaag? Sal Duitsland – en Rusland – weereens herrys as oorlogvoerende wêreldse militêre magte?

'n Komende ryk

Pole is heeltemal reg om sy Europese bure te wantrou. Bybelse profesie toon aan dat die opkoms van Nazi-Duitsland in die 1930s slegs die sesde in 'n reeks herlewings van die

Europese Heilige Romeinse Ryk was. *Dit toon ook dat daar nog een moet kom.*

Waar vind ons hierdie profesieë? Uit die boek Daniël leer ons dat God die koms van vier wêreldregerende ryke voorspel het: Babilonië, Medo-Persië, Griekeland en Rome (Daniël 7:3-7). Die apostel Johannes praat dan van die eindtydse herlewings van die Romeinse Ryk – 'n dier wat “was en nie is nie, alhoewel hy is” (Vir meer inligting, vra asseblief ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring*, aan).

Alhoewel die Romeinse Ryk in 476 n.C. geval het, was dit in 554 n.C. herstel en weer gebore onder Justinianus, met die hulp van die Kerk in Rome. Hierdie kerk is die hoer “vrou [wat] sit op 'n skarlakenrooi dier” wat op sewe berge sit soos beskryf in Openbaring 17:3, 9. Verdere herlewings van die Romeinse Ryk het gevolg op Justinianus: Karel die Grote in 800 n.C., Otto die Grote in 962 n.C., en Karel V van die Hapsburgse vorstehuis, in 1530 n.C. Die vyfde herlewing was die ryk wat Napoleon Bonaparte in 1804-1814 opgerig het. Die sesde was die onheilspellende Spilmoondhede wat Pole en groot dele van Europa verwoes het.

Dit laat ons egter met nog een Europese diktator wat moet kom – die sewende. “En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly” (Openbaring 17:10). Hierdie laaste herlewing van die

Romeinse dier – 'n toekomstige Europese mega-moondheid – sal 'n groep van tien belangrike nasies wees wat almal hulle ondersteuning en mag aan een “koning” sal oorgee (verse 12-13). Pole is heeltemal reg om skrikkerig te wees vir 'n herrese Duitsland, aangesien Pole – en ander lande in Europa – die gevaar staan om verswelg te word deur daardie sisteem. Pole self mag een van die tien “konings” uit die Oosterse been van die ryk wees (Daniël 2:33), daartoe gedwing of selfs bedrieg deur 'n magtige, charismatiese Hitleragtige Europese leier om aan hierdie ryk onderworpe te wees, of om dieselfde dodelike gevolge te ervaar as op 1 September 1939.

Dit is egter nie al nie. Bybelse profesie dui ook aan dat 'n ander magtige leër in die Ooste tot stand sal kom – en heel waarskynlik Rusland sal insluit – wat met Europa sal wedywer om oorheersing van die wêreld. Die profeet Daniël voorspel 'n groot oorlog tussen hierdie twee reuse. Nadat die Europese “koning” beheer oor Jerusalem verkry het, kyk wat volgende gaan gebeur: “Maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref” (Daniël 11:44). 'n Geweldige groot 200 miljoen sterk monoliet uit die Ooste sal die Duitsgeleide Europese mag konfronteer en hulle sal heel moontlik kernwapens teen mekaar

gebruik. Hierdie aanslag sal groot lyding reg oor die aarde veroorsaak – aan vegtende sowel as nie-vegtende nasies. Miljarde mense sal gedood word – volgens die Bybel, een derde van die aarde se bevolking – in hierdie geveg wat in Openbaring 9 beskryf word as die “tweede wee”. Jesus het gesê dat as dit nie vir Sy ingryping sal wees nie, sal hierdie verskriklike oorlog alle lewe op aarde sou uitwis (Mattheüs 24:22).

Amerika: Pole se nuwe beste vriend?

Aangesien Pole skrikkerig is vir die oorlogsugtige neigings van beide Duitsland en Rusland, het dit sedert die einde van die Koue Oorlog aktief na 'n nuwe, kragtige bondgenoot gesoek. Gedurende Maart 1990, slegs maande ná die val van Kommunistiese oorheersing van Pole, het die nuut-bevryde nasie hulself begin beywer om lidmaatskap van NAVO te verkry. In 1997 was die land dus amptelik uitgenooi om te begin met die proses om lidmaatskap te verkry.

In Augustus 2008 het Pole en Amerika voorlopige ooreenkomste onderteken om 'n verdedigingstelsel van tien ballistiese projektiel-terreine in Pole te bou. Amerika se verklaarde rede vir die installering van hierdie onderskeppingsprojektiële is om hulself te beskerm teen aanvalle vanuit Iran en Noord-Korea. As vergoeding het Pole die belofte

van kortafstand Patriot-projektiële vir sy eie lugverdediging verkry, asook die versekering dat Amerika tot Pole se hulp sal kom in die geval van 'n aanval. Die plan het die Russe omgekrap en hulle het gedreig om hul eie projektiële naby die Poolse grens te installeer (“*Russians to station missiles near Poland*”, *Reuters*, 5 November 2008). Dit het egter ook vir Duitsland gegrief omdat Pole nie die EU geraadpleeg het nie.

Waarom het Pole deesdae so 'n sterk begeerte om homself aan Amerika se sy te skaar, selfs met teenkating van sy omgekrapte bure? *Die sleutel is dat Pole se verlede onthou word.* In Poolse geheue is die behandeling *vir eeue* deur sy oorlogsugtige bure nog te vars en rou. Kan Pole egter werklik sy eie veiligheid en beskerming verseker deur hom aan Amerika se kant te skaar? Politieke verbintenisse kan wissel. Die Obama-administrasie het alreeds die projektiel-verdedigingstelsel in Pole op 'n laer prioriteit geplaas as ander dringende kwessies in Iran en Afganistan – en mag toegewings aan die Russe maak in ruil vir Russiese hulp in die Midde-Ooste. Pole het alreeds versigtig die verandering aangevoel en het probeer om sy politieke opsies oop te hou deur betrekkinge met Rusland te verbeter.

Selfs al sou Pole en Amerika egter verdere veiligheidsbande smee, sal dit Pole kan red? Sal

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Jesus se dood en opstanding het die sluier, wat tussen mense en God die Vader was, gelig (Mattheüs 27:51; 2 Korinthiërs 3:14-16). Aangesien ons nou direkte kontak het met die Vader, anders as die mense uit die antieke tyd wat slegs die God van die Ou Testament – Jesus Christus (1 Korinthiërs 10:4) – geken het, waarom is dit nodig dat ons tot Jesus moet bid? Behoort ons in werklikheid enigsins tot Christus te bid, aangesien Hy gekom het om die Vader aan ons bekend te maak (Johannes 14:7)?

ANTWOORD: Dit is verrassend om te sien hoeveel belydende Christene God die Vader omtrent heeltemal ignoreer in hul gebede. Dit is ironies, aangesien Christus Self Sy dissipels in die “modelgebed” geleer het om op hierdie wyse te bid: “Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word” (Mattheüs 6:9). Ja, Jesus Christus persoonlik het geleer dat 'n Christen se gebede hoofsaaklik aan God die Vader gerig moet word!

Selfs al het Christus, as die Logos – die Woord – van ewigheid af saam met die Vader bestaan (Johannes 1:1-4), het Hy altyd opgesien na Sy Vader. Om Sy Vader se wil te volbring, was Hy gewillig om 'n mens te word (Johannes 1:14-15). Hy het Homself as 'n dienaar van Sy Vader beskou en het op geen wyse probeer om die aandag af te lei van God die Vader nie. Inteendeel, Hy het Homself as ondergeskik beskou, soos Hy ook aan Sy dissipels gesê het: “Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek” (Johannes 14:28).

Jesus het nooit Sy Vader se wil teengestaan nie. Terwyl Hy geweet het dat Hy kort daarna gekruisig sou word, het Christus tot Sy Vader gebid: “Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!” (Lukas 22:42). Jesus was inderdaad een in gedagte, gesindheid en doel met Sy Vader (Johannes 10:22-39).

Dus, ja, ons behoort Christus se woorde en voorbeeld te volg en ons gebede te rig aan God die Vader. Wanneer ons egter tot die Vader bid, mag ons nooit vergeet dat ons dit slegs kan doen op gesag van Sy geliefde Seun, Jesus Christus, nie. “En wat julle ook al doen in woord of in daad, *doen* alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom” (Kolossense 3:17).

Die apostel Paulus skryf oor sy hoop aangaande Christene “dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, in

wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is” (Kolossense 2:2-3). Ons Verlosser leer ons nie slegs om tot God die Vader te bid nie; Hy het daardie gebede moontlik gemaak. God die Vader wil nie hê dat ons 'n liefdevolle, persoonlike verhouding met Sy geliefde Seun moet vermy nie (Mattheüs 17:5).

Die Skrif gee aan ons die voorbeeld van die diaken Stéfanus – die eerste aangetekende martelaar van die Apostoliese Kerk. “En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy *die Here* aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!” (Handelinge 7:59). Selfs teen die heel einde van sy lewe, terwyl hy besig was om vermoor te word vir sy manhaftige prediking, het Stéfanus nie tot God die Vader uitgeroep nie, maar na Jesus Christus, sy Verlosser. Stéfanus het geweet dat hy 'n diepgaande verhouding gehad het met beide God die Vader en met Jesus Christus.

Jesus het aanbidding – en verering van andere – wat tot Hom gerig was, aanvaar. Toe Hy aan Sy dissipels verskyn het ná Sy opstanding, “kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom” (Mattheüs 28:9). Sedert Sy opstanding sit die verheerlikte Jesus Christus aan die regterhand van God die Vader (Hebreërs 10:12; 1 Petrus 3:21-22). As ons Hoëpriester en Middelaar (1 Timotheüs 2:5), doen Hy voortdurend voorspraak vir Christene. As ons Hoëpriester en ons Redder, is Hy ons aanbidding waardig en ook om ons gebede te ontvang. Indien ons 'n verhouding met Christus het, sal ons Hom gehoorsaam wees en tot God die Vader bid, maar ons sal nie vergeet dat dit ons verhouding met Christus is wat ons toelaat om die Vader te ken nie (Johannes 17:20-23).

Nee, dit is nie verkeerd om tot Jesus Christus te bid nie – maar ons mag nie Christus se opdrag ignoreer om tot Sy Vader te bid nie. Ons sal Christus baie meer tevrede stel en eer as ons gehoorsaam is en doen wat Hy ons leer, eerder as om Sy direkte opdrag, om allereerste tot Sy Vader te bid, te verklein of te ignoreer. **WvM**

Profesie neem

Bevordering van boosheid, veroordeling van die goeie!

Gedurende 2009 het President Barack Obama Junie 2009 as “Lesbiese, Hemofiele, Biseksuele en Transgeslagtelike Trots Maand” verklaar in die Verenigde State. Deur dit te doen, het hy sy hoop uitgespreek dat Amerikaners daartoe sal kom om hierdie seksuele neigings as *normaal* en *aanvaarbare* gedrag te beskou! In die aankondiging van sy verklaring het President Obama opgemerk dat hy die eerste Amerikaanse President is wat 'n openlike homoseksuele persoon aangestel het in 'n Senaat-bevestigde pos in die eerste 100 dae van sy presidentskap.

Alhoewel baie leiers in die homoseksuele gemeenskap glo dat President Obama nie ver genoeg gegaan het nie, vind miljoene Amerikaners wat die waarde van God se wet verstaan – en die belangrikheid van die biologiese familie in die opvoeding van kinders as deel van 'n gesonde samelewing – die President se optrede skokkend en amper ongelooflik! Wat die President – en selfs baie wat hom teenstaan – faal om te besef, is dat deur sy optrede, antieke Bybelse profesieë reg voor ons oë besig is om gestalte aan te neem! Die President se optrede *gaan gevolg meebring* wat nóg hy nóg sy ondersteuners verwag.

Morele en sosiale verval

Die woorde en dade van President Obama is ongelukkig maar net die punt van die ysberg van sosiale verandering wat die Westerse kultuur deurtrek en dreig om die skip van Bybelse moraliteit wat een van die onderskeidende eienskappe van die Westerse beskawing was, te sink. Skoolkinders in Amerika, Brittanje, Kanada, Australië en Europa is die afgelope dekade *geïndoktrineer* met die idee dat homoseksualiteit normale gedrag is en dat enigeen wat die idee bevraagteken agterlik, bekrompe – en moontlik 'n godsdienstige dweper is.

Onskuldige kinders en nie-homoseksuele mense word aangemoedig om deel te neem aan “Homoseksuele Trots” okkasies om hul ondersteuning vir die homoseksuele agenda te toon. In Amerika het die Nasionale Opvoeding Assosiasie (wat onderwysers in Amerikaanse skole verteenwoordig) besluit om hulle gewig agter dieselfde-geslag huwelike, homoseksuele aannemings en ander aspekte van die “homoseksuele” agenda, in te gooi. In Australië, waar die Homoseksuele en Lesbiese Mardi Gras nou die nasie se grootste jaarlikse sosiale gebeurtenis is, het predikers die homoseksuele

gemeenskap om verskoning gevra omdat hulle hul lewenstyl as boos bestempel het. In Amerika en Brittanje het verskeie hoofstroomkerkde nominaasies aktiewe homoseksuele persone tot die bediening verorden. Openlike homoseksuele paartjies word na kerkbyeenkomste genooi om hulle agenda te bevorder. Onlangs het die leier van die Konserwatiewe Party, David Cameron, 'n “buitengewone apologie” uitgereik vir wetgewing wat deur sy party goedgekeur is om die *bevordering van* homoseksualiteit in skole te verban. Hy het dit gedoen in 'n poging om die stemme van meer as 2.6 miljoen Britse homoseksuele te werf. Cameron het verder ook belowe dat, indien hy verkies word, hy homoseksuele regte sal bevorder. Hy sê dat steun vir sy party die eerste homoseksuele Eerste Minister van Brittanje sal oplewer. Een homoseksuele leier het Cameron se opmerkings as “histories” beskryf. Die huidige Arbeider Eerste Minister, Gordon Brown, is ook openlik besig om die “homoseksuele” stem te probeer werf.

God se Woord is vergete!

Ongelukkig, wat *werklik* “histories” is oor ons

gestalte aan

hedendaagse era, is dat gedrag wat vir duisende jare beskou was as 'n sosiale en morele euwel – 'n perversie en 'n gruwel in God se oë – nou bevorder word nie slegs as “normale” gedrag nie, maar as iets wat elkeen as *goed* moet aanvaar. Bowendien word mense vertel dat diegene wat vaskleef aan die Bybelse oortuigings betreffende goed en kwaad, eintlik slegte mense is wat hardnekkig vasklou aan wat President Obama bestempel as “uitgediende argumente en verouderde gesindhede”. Dit is verbasend hoedat meer en meer belydende Christelike predikante nie slegs homoseksuele gedrag kondoneer as aanvaarbaar nie; hulle verwelkom selfs aktiewe homoseksuele persone in die bediening en vra om verskoning vir hulle ou (Bybelgebaseerde) idees dat die homoseksuele leefwyse sondig en boos is!

Die Bybel openbaar duidelik dat God 'n vrou vir 'n man geskape het, en 'n man vir 'n vrou – en dat die huwelik tussen 'n man en 'n vrou moet wees (Genesis 2:18, 23-25). Die Skrif stel dit duidelik dat God die stede van Sodom en Gomorra vernietig het oor hulle boosheid en onsedelikheid – en homoseksualiteit word spesifiek uitgewys as een van hulle booshede (sien Genesis 13:13; 19:5-7). God het Moses

uitdruklik gelas om die kinders van Israel te waarsku dat homoseksualiteit 'n gruwel in Sy oë is (Levitikus 18:22; 20:13). Nogtans toe die Israeliete van God weggedryf en die handelswyses van hulle heidense bure aangeneem het, was homoseksualiteit een van die praktyke wat die afvallige Israeliete aangeneem het (Rigters 19:22). Die apostel Paulus – 'n vurige voorstander van Bybelse Christelikheid – skryf duidelik in die Nuwe Testament dat wanneer mense die leringe van God verwerp, hulle na sondige idees sal wegdryf, dit sal aanvaar en bevorder, insluitende homoseksualiteit – en dat hulle in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling sal ontvang (Romeine 1:22-32).

Profesieë en gevolge

Wat “progressiewe” sosiale hervormers blykbaar nie verstaan nie, is dat God in die bladsye van die Bybel *voorspel* het wat werklik vandag in die hedendaagse Israelitiese nasies plaasvind. Lank gelede het God Moses geïnspireer om die Israelitiese mense te waarsku: “Want ek weet dat julle ná my dood *gewis verderflik* sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle *aan die einde van die dae* sal teëkom, omdat julle sal doen

wat *verkeerd* is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg” (Deuteronomium 31:29). God waarsku deur die profeet Jesaja: “**Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg**” (Jesaja 5:20) – en dit is wat ons vandag sien! God voorspel ook deur Jesaja, “die *leiers* van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring” (Jesaja 9:15). Dit is nie die gewone lidmate van die kerk of kiesers wat bepleit dat gedrag wat eens as 'n gruwel beskou was, nou as normaal aanvaar moet word nie; dit is die kerkleiers en politici en regters wat hierdie idees op die gemiddelde persoon afdwing.

God openbaar in die Skrif egter dathierdie verkeerde dade *gevolge* gaan hê in die jare wat voorlê! God waarsku: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge *'n afsku het* ... En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper ... En Ek sal 'n swaard oor julle bring ... Ek sal julle onder die volke verstrooi” (Levitikus 26:14-33). Die profeet Hosea vermaan: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis [van God se wette en weë]; omdat jý die kennis *verwerp het*, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die

priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy *die wet van jou God vergeet het*, sal Ek ook jou kinders vergeet” (Hosea 4:6).

In die lig van hierdie profesieë is dit geen verrassing dat gedurende dieselfde tyd wat die leiers van hedendaagse Israelitiese nasies die

aanvaarding van gedrag bevorder wat God 'n gruwel noem, daardie nasies hulle invloed verloor en aan toenemende probleme onderwerp word nie. Dit is nodig dat ons ontwaak tot die feit dat daar 'n God in die hemel is wat Sy mense verantwoordelik sal

hou vir hulle dade (Jeremia 2:17-19; Hosea 4:7-10). Die God van die Bybel duld nie leiers of seën nie nasies wat boosheid bevorder en goed veroordeel nie!

—*Douglas S. Winnail*

Vervolg vanaf bladsy 15 – Pole en die Tweede Wêreldoorlog

veronderstelde goedheid of krag nie. God is egter besig om daardie seëninge weg te neem. Moses het antieke Israel gewaarsku: “Hoe kan een dan duisend agtervolg en twee tienduisend op die vlug jaag, was dit nie dat hul Steenrots hulle verkoop en die HERE hulle oorgelewer het nie!” (Deuteronomium 32:30). Hedendaagse Israelitiese nasies besef toenemend nie meer hoeveel hulle God se kragtige helpende hand nodig het nie, *en hoe kragteloos hulle sal wees om ander nasies te help in die toekomstige rampe* nie.

Is daar egter goeie nuus van toekomstige vrede ná hierdie geprofeteerde gebeure? Die antwoord is: “Ja!” Ná die geprofeteerde Groot Verdrukking en die Dag van die Here, sal Jesus Christus 'n nuwe tydperk inlei wanneer nasies nie langer ander nasies sal terroriseer nie, hulle ook nie sal verraai vir politieke eibelang nie. Wanneer Jesus Christus weer kom en Sy verheerlikte heiliges oor die nasies aanstel, sal hulle beheer 'n seën en nie 'n vloek wees nie

(Openbaring 20:6).

God sal Sy mense terugbring uit hul ballingskap, net soos Jesaja geprofeteer het: “En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly *uit Assirië (hedendaagse Duitsland)* en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see” (Jesaja 11:11). Jesaja profeteer verder: “En daar sal 'n grootpad wees vir die oorblyfsel van sy volk wat oorbly uit Assur, soos daar een gewees het vir Israel op die dag toe hulle uit Egipteland opgetrek het” (vers 16).

God sal boetvaardige, voorheen aggressiewe nasies in vredevolle samehorigheid onder Jesus Christus se heerskappy bring. “In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië ... en Egipte sal saam met Assirië *die HERE dien*” (Jesaja 19:23). Woedende, heerssugtige nasies sal nie langer 'n bedreiging inhou vir kleiner nasies nie, want “die wolf” (simbolies groot, gulsige nasies) wei by “die lam” (klein nasies wat

nie in staat is om hulself te beskerm nie) ... Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek” (Jesaja 11:6, 9).

1 September 2009 dui die herdenking van 'n bese plan aan, beraam in die denke van mense wat beïnvloed was deur die mensdom se aartsvyand, Satan die Duiwel. Ons behoort ernstig gestemd te wees want God se woord sê aan ons dat daar *nog een donker tyd van wêreldwye oorlogvoering en massa-sterftes* sal wees voordat die toekomstige duisendjarige heerskappy van Jesus Christus sal aanbreek. Diegene wat egter ag slaan op die waarskuwing en uitsien na God se ingryping vir die beswil van die mensdom – diegene wat hul geloof, vertrouwe en gehoorsaamheid tot God wend eerder as tot mense, masjiene of militêre bondgenootskappe – sal beskerm word deur 'n liefdevolle en magtige God (Openbaring 12:14-16). **WFM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

dat “baie sal onder my Naam kom”! Hulle kom as “Christen” predikers, wat Jesus as die Christus verkondig – maar **mislei nogtans baie mense!** Met ander woorde, daar sou 'n massale misleiding wees gebaseer op vals leringe van die baie wat sal verkondig dat hulle “in Jesus se naam” kom.

Dit is regtig maklik vir godsdienstleraars om hul die naam van die Seun van God toe te eien as 'n dekmantel vir hulle persoonlike leerstellings, of dit wat hulle sê enigsins verband hou met die ware Jesus se lewe of Sy leringe of nie! Dit is hoekom die apostel Paulus aan ons sê: “**Beproof** alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Elkeen van ons is verantwoordelik om “seker te maak” van die leerstellings wat ons geleer word – uit watter bron ookal. Moet nie agterlosige aannames maak nie! Maak seker dat u weet wat die Bybel werklik sê!

Paulus maan verder: “Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:4). Met ander woorde Paulus was bevrees dat sommige van die Kerklidmate in sy tyd die prooi sou word van “vals” predikers en 'n **valse** evangelie aangaande 'n valse Christus sou aanneem!

Wat van u? Is dit moontlik dat u 'n “ander Jesus” aanvaar het? Mag u dalk mislei wees om in 'n valse voorstelling van Christus te glo – saam met 'n valse boodskap wat veronderstel is om van die ware Jesus te kom? Hoe kan ons **weet** wat waar is en wat nie?

Weereens, dit is nodig dat ons werklik die Bybel **bestudeer** om ware insig te verkry. Dit is nodig dat ons gewillig moet wees om met 'n oop gemoed te oorweeg of ons die “oorlewering van mense” gevolg het eerder as die geboorte van God (Mattheüs 15:3).

Namate ons die Bybel bestudeer is dit nodig dat ons leer om die Bybel die Bybel te laat verklaar. Met ander woorde, indien iets nie duidelik is nie, dan moet ons die eenvoudige, duidelike verse toelaat om ons te help om dit wat nie so duidelik is nie, te verstaan. Dit is ook nodig dat ons leer om die Bybel regdeur te bestudeer net soos enige ander boek. Baie mense spring eenvoudig hier en daar rond en lees sentimentele verse van bemoediging. Terwyl dit soms help, gee dit **nie** ware insig in die hele plan en doel van God, soos wat Hy dit openbaar in Sy handleiding vir die mensdom – die Heilige Bybel – nie.

Begin deur die Evangelie van Mattheüs te bestudeer – die eerste boek van die Nuwe Testament. Lees stadig regdeur Mattheüs en merk die verse wat u voel belangrik is. Dan, hersien die volgende dag hierdie verse wat u bestudeer het, en lees stadig – mediteer en merk – 'n verdere paar hoofstukke. Op hierdie manier sal u bekend raak met wat die Bybel in werklikheid sê – **nie** wat misleiende mense u mag vertel wat dit sê nie!

Vra God in innige en persoonlike gebed vir **insig**. Wees gewillig om die Christelikheid van Christus te volg, ongeag wat ook al. Onthou altyd die apostel Paulus se besielde stelling: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar

**Verwittig ons asseblief
onmiddellik van enige
verandering in u posadres.**

Christus **leef** in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Deur die beloofde Heilige Gees, sal Christus **dieselfde** soort lewe in u leef as wat Hy meer as 1 900 jaar gelede in die menslike vlees geleef het? Hebreërs 13:8 sê aan ons: “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid”. Het Christus die Tien Gebooie onderhou terwyl Hy in die menslike vlees was? Johannes 15:10 sê aan ons, “... soos Ek die gebooie van my Vader**bewaar**...”.

Indien u hulp nodig het om die Bybel te bestudeer, skryf of skakel dadelik om in te skryf vir die *Wêreld van Môre se Bybelstudiekursus*. Hierdie deeglike kursus sal u nie lei deur 'n klomp sentiment nie. Dit sal u eerder help om werklik die groot **plan** van ons Skepper vir die hele mensdom te verstaan. Dit sal u help om uit u eie

Bybel te **bewys** wat u moet doen om u aandeel in God se plan te vervul. Indien u wil inskryf, skakel of skryf aan ons by die streekskantoor naaste aan u soos gelys op bladsy 2 van hierdie uitgawe, of besoek ons webtuiste by: www.twbiblecourse.org vir die Engelse weergawe daarvan.

Namate die einde van hierdie tydvak nader kom, mag God u help om werklik Sy geïnspireerde Woord te bestudeer en uit die Bybel te **bewys** wat u glo. Dan sal u op 'n vaste grondslag wees. Dan sal u werklik God begin ken – en Jesus Christus wat uit die dood opgewek is, wat sit aan God se regterhand – op 'n manier wat u nog nooit voorheen ondervind het nie.



Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**